





NE1123h_AFR email

# 'n Nuwe Begin vir Kerkplanting onder die Masai

In die wye landskappe van Kenia se Kajiado distrik is 'n transformerende inisiatief aan die gang. Harvesters Ministries is bekend vir hul missie om wêreldwyd "die weg oop te maak" en skuif hulle hul fokus na die merkwaardige Masai-stam.

Die Masai is veeboere wat bekend is vir hul besonderse drag. Hulle bewoon al lank dele van Kenia en Tanzanië. Tog het daar vanuit hierdie afgeleë gemeenskappe 'n hunkering na 'n sterker geestelike fondament ontstaan. Ter erkenning van hierdie behoefte, het Harvesters 'n nuwe kerkplantingsbeweging, of sogenaamde stroom, begin om die hoop in die harte van die Masai-mense aan te vuur.

Pastoor Andrew, 'n toegewyde plaaslike leraar en Harvesters gelisensieerde opleier wat die nuwe stroom sal lei, verduidelik die dringendheid van hierdie onderneming. Volgens hom is daar min bestaande kerke. Die wat wel daar is, is op sentrale plekke gegroepeer en leraars is dikwels onopgelei en het nie hulpbronne nie. "Wanneer jy buite die dorp beweeg, is daar nie kerke te vinde nie," deel hy. "Dit beteken daar is talle mense wat nie deur die Evangelie bereik word nie!"



Harvesters het die oplossing. Ons lei leraars op om strategies te evangeliseer en kerke in onbereikte gemeenskappe te plant. Deur 'n omvattende driejaarkurrikulum sal leraars toegerus, bemagtig en ten volle van hulpbronne voorsien word.

Ons onlangse afskop-geleentheid het vir entoesiastiese deelname gesorg. "Met die inligting en opleiding wat ons vandag gekry het, gaan ons oë oop," bevestig leraar Andrew. "Elke leraar gaan die vaardighede en metodologie wat deur Harvesters voorsien word, gebruik om kerke te plant."

Die impak van hierdie poging strek oor grense heen. Die Masai se reikafstand strek tot in Tanzanië, wat geleenthede bied om self verder te evangeliseer en kerke te plant wanneer handel gedryf word.

Danksy die gebede en ondersteuning van vriende soos jy, is die belofte van lewendige kerke wat onder die Masai vermenigvuldig nou op die horison.

## Ook in hierdie uitgawe:

2 Die Prys van Evangelisasie
4 Van die Straat na 'n Toevlugsoord

# Die Prys van Evangelisasie

In 'n wêreld waar godsdiensvryheid 'n voorreg is, staar baie Christene in Suidoos-Asië uiterste vlakke van vervolging in die gesig. Volgens Geopende Deure het 5 621 Christene  die afgelope jaar hul lewens weens hul geloof verloor. Christene uit 'n geslote nasie, waar Harvesters tans werksaam is, is ingesluit by hierdie syfer. In hierdie geestelik donker omgewing word gelowiges voortdurend bedreig. Hulle word gekonfronteer met diskriminasie in hul gemeenskappe, gesinne en werkplekke. Predikante word veral gereeld gearresteer, moet lang aanhoudings verduur, en buitensporige bedrae vir hul vrylating betaal.

### Lig vir die Pad

Harvesters Ministries is aan die voorpunt van pogings om die lewensbelangrike Evangelieboodskap na hierdie geestelik onderdrukte streke te bring. Deur kerkplanting en pastorale opleiding maak Harvesters in meer as 87 nasies wêreldwyd deure oop vir die Evangelie.

Kerkplanters van hierdie geslote land in Suidoos-Asië het onlangs vir opleiding bymekaargekom en hul oorwinnings en uitdagings gedeel. Ten spyte van die groot opgewondenheid oor 15 nuwe kerke wat in die afgelope ses maande geplant is, onthul hul getuienisse die duister werklikheid wat hulle in die gesig staar. Een kerkplanter, wat ons Broer Lun sal noem, vertel van die konstante gevaar tydens hulle evangelisasiepogings. Hulle waag dit nooit alleen nie, aangesien die risiko's eenvoudig te hoog is. Die koste verbonde aan die verkondiging van die Evangelie strek veel verder as gevangenisstraf; dit kan daartoe lei dat hul lewens geneem word.

### Geteiken op Grond van Sy Geloof

Broer Lun vertel met 'n stukkende hart van die lot van 'n medeprediker wat dood aangetref is nadat hy wreed aangerand is kort na hy weens sy evangelisasie werk gearresteer is. 'n Inwoner van die plaaslike dorpe was 'n ooggetuie van die gevangenisneming van Leraar Seng, wie se naam ons ook verander het. Drie amptenare het Seng met geweld in 'n ongemerkte vragmotor weggeneem sonder enige teken van waarheen hulle is.

Toe sy lewelose liggaam dae later ontdek is, was die motief pynlik duidelik: dit was sy onwrikbare toewyding aan die verspreiding van die Evangelie wat hom sy lewe









gekos het. Hierdie tragiese voorval beklemtoon die doodsgevaar wat hierdie dapper evangeliste moet verduur.

### Hulle is Omring deur Vervolging

In Desember 2019 het 'n sprankie hoop ontstaan met die instelling van die Wet op die Evangeliese Kerk, wat Christene regdeur die land die reg verleen om dienste te hou en te preek. Baie min kerke voldoen egter aan die spesifieke kriteria wat die regering daar stel om te kan kwalifiseer, en leraars van "ongeregistreerde kerke" word gearresteer. Alhoewel die Wet Christene toelaat om hulle geloof te beoefen, is dit dikwels die plaaslike owerhede en gemeenskappe wat skuldig is aan die vervolging van gelowiges.

Leraar Seng se lot dien as 'n skreiende herinnering daaraan dat selfs wetlike beskerming nie altyd gelowiges van vervolging in hierdie oorwegend Boeddhistiese nasie kan weerhou nie. Plaaslike owerhede probeer al vir jare lank om Seng se geloof te onderdruk, en het geëis dat hy die Christendom verloën en sy prediking staak. Sy weiering het gelei tot tronkstraf, boetes en uiteindelik sy tragiese dood.


Die mense wat ons kerkplantingsopleiding bywoon glo dat Pastoor Seng se lewe tragies geëindig het omdat sy Christelike geloof nie aanvaarbaar was vir die plaaslike inwoners nie. Broer Lun verduidelik dat elke distrik en dorp verskillende vlakke van verdraagsaamheid teenoor Christenskap toon. Wanneer hy homself nou daarop voorberei om te evangeliseer en sy derde kerk in 'n afgeleë en onbereikte dorpie te plant, weet hy wat die prys is wat hy dalk sal moet betaal.

### Byt Vas in Teëspoed

Tog gaan plaaslike gelowiges soos Lun en Seng voort om die Evangelie te versprei omdat hulle deur die Heilige Gees aangemoedig word en gemotiveer word deur 'n diep liefde vir hul naaste. Die Groot Opdrag om na al die nasies te gaan en dissipels te maak (Matteus 28:19) vuur hulle vasberadenheid aan om hoop en redding te bring aan diegene wat dit die nodigste het, selfs al stel dit hulle lewens in gevaar. Die visie van plaaslike leiers om in hierdie vyandige omgewing meer as 7 miljoen siele vir Christus te bereik, getuig van hul onversetlike gees.

Alhoewel die nasie naamloos bly, is dit duidelik dat daar in hierdie geslote land 'n dringende behoefte aan die Evangelie bestaan. Bid saam met ons vir die veiligheid en beskerming van leiers, soos Broer Lun, terwyl hulle in geestelike duister uithoeke van die wêreld die verlorenes heldhaftig evangeliseer, kerke plant en van gelowiges dissipels maak.







NE1123h_AFR email

# Van die Straat na 'n Toevlugsoord





In Zambië wys Leraar Loveness watter deurslaggewende rol plaaslike kerke kan speel in die opheffing van vergete individue. Die 83-jarige Benson Chondela was kinderloos, alleen op straat en byna dood. Deur Leraar Loveness se toegewyde sorg, is Benson aan Christus voorgestel en het hy tot geloof gekom, 'n rede gevind om te leef en 'n heenkome gekry. Kort daarna was hy verheug om sy eie Bybel te ontvang vanaf Harvesters en ons "First Church First Bible"-projek in samewerking met Biblica.

Vandat hy deel van die kerk geword het, het Benson begin floreer in die koesterende gemeenskap waarna hy gesmag het. Sy getuienis beklemtoon die diepgaande impak wat 'n plaaslike kerk na 'n gemeenskap bring, en daarom is Harvesters vasbeslote om toe te sien dat daar 'n kerk in elke woonbuurt wêreldwyd geplant word.

## Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun. Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 87 lande, kom hierdie kursus terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

## Help om die *weg te baan* sodat die wêreld Christus kan leer ken

Elke R 2 400 wat ingesamel word sal ...

☑ 'n leraar oplei

☑ 3 kerke plant

☑ 'n Bybel voorsien

☑ ongeveer 300 mense bereik en van hulle dissipels maak

**Maak vandag 'n ewige verskil deur te gee!**

**Baie dankie.**


Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: "NE1123AFEM"+[jou naam]

Meer opsies om te gee:
**GEE AANLYN** via ons webblad OF volg die qr kode om via Zapper of Snapscan te gee:



Harvesters MINISTRIES

**www.harvestersministries.com**

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes , 7130**



Harvesters Ministries is 'n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare weldaadsorganisasie Organisasie (NPO en PBO).